

J. C. Coetzee. 113

**“DIE METHODE VAN ONDERSOEK  
NA DIE ONTSTAAN VAN  
DIE AFRIKAANSE TAAL.”**

REDE

GEHOU BIJ DIE HEROPENING VAN DIE  
KOLLEGE-DEPARTEMENT VAN DIE THEOLOG.  
SKOOL TE POTCHEFSTROOM, OP WOENSDAG,  
7 FEBRUARIE, 1917.

DEUR

Prof. S. P. E. BOSHOFF.



GEDRUKT DOOR  
DE NATIONALE PEERS, BEPERK.  
KAAPSTAD.

A

437.3609

BOS

28.5.18

# “DIE METHODE VAN ONDERSOEK NA DIE ONTSTAAN VAN DIE AFRIKAANSE TAAL.”

===== REDE =====

GEHOU BIJ DIE HEROPENING VAN DIE  
KOLLEGE-DEPARTEMENT VAN DIE THEOLOG.  
SKOOL TE POTCHEFSTROOM, OP WOENSDAG,  
7 FEBRUARIE, 1917.

DEUR

Prof. S P. E. BOSHOFF.



GEDRUKT DOOR  
DE NATIONALE PERS, BEPERKT,  
KAAPSTAD.

Seer geagte Professore en Studente van die Theologiese  
Skool en Kollege-Departement, en verder almaal  
hier teënwoordig!

### ***Seer geagte Toehoorders!***

Bij die heropening van die Kollege-Departement van die Theologiese Skool alhier is dit seker vir Professore en Studente 'n oorsaak van vreugde om mekaar na die afgelope somervakansie weer in die werk welkom te heet.

Bij so'n geleentheid is die versoeking sterk om tot mekaar 'n woord van aanmoediging te spreek, daar 'n mens dan misskien meer behoefte aan aanmoediging dan aan iets anders gevoel, en door die korte duur van die vakansie, die gebrek in ons land aan biblioteke met wetenskappelike werke, en die onmogelikeheid om sodanige werke oor die lange reisafstande van S.A. met die vakansie mee te voer, 'n mens verplig om uit die vuus te praat, sodat wetenskappelike arbeid bijna 'n onmogelikeheid word.

Die versoeking om tot mekaar 'n woord van aanmoediging te spreek is biesonder groot in hierdie tijd van gisting en woeling op elk gebied, wanneer dit, oppervlakkig beskouwd, lijk, asof die resultate van eeuwelange wetenskappelike arbeid één vir één deur 'n enkele slag in duie gestoot word, wat maak dat 'n mens meer geneigd voel om oor 'n populêre saak 'n opwekkingswoord te rig aan die volk om hom heen, dan oor 'n wetenskappelike onderwerp 'n woord te spreek tot die studente aan 'n inrigting vir hoër onderwijs.

Maar in die versoeking om oor 'n populêre onderwerp te praat skuil daar 'n gevaar; en as ons aan die versoeking gehoor gee, dan maak ons dieselfde fout as 'n generale staf, wat entoesiastiese oorlogstoesprake hou vir die volk, en daarna met 'n sleg gewapende strijdmag te velde trek, wat in die reël noodlottig is vir die te laat ontnugterde volk sowel as vir die sleg gewapende leër.

Ons moet dus ook onse inrigting vir hoër onderwijs alhier in haar posisie as akademie handhaaf, en aan die studente aan die inrigting nie alleen 'n geestesprikkel nie, maar ook geestesvoedsel, verskaf, sodat hul als 'n leër, gewapend met kennis-materiaal, na buite kan werk vir die volk al, wat hier op hul ingewerk het.

Daarom wens ek hier 'n woord te rig in die eerste instansie tot die studente, en in die tweede plaas tot alle andere toehoorders, oor die onderwerp: "DIE METHODE VAN ONDERSOEK NA DIE ONTSTAAN VAN DIE AFRIKAANSE TAAL."

\* \* \* \* \*

Bij die behandeling van die genoemde onderwerp doen m.i. drie vrae sig voor vir beantwoording, n.l.:—

(1) Wat word in die taalwetenskap bedoel met die ontstaan van 'n taal?

(2) Volgens welke metode of methodes is deur die verskillende navorsers hierdie vraag ten opsigte van die Afrikaanse Taal behandel?

(3) Wat is krities aan te merk op die metode of methodes van ondersoek na die ontstaan van die Afrikaanse Taal?

Die grote ooreenkoms in woordeskat, vormleer, klankstelsel, woordstelling en morfologiese struktuur tussen verskillende moderne tale het bij die taalvorsers vanself die vraag laat ontstaan, of daar relasies bestaan tussen twee of meer tale, en verder wat of daar te leer is uit sulke relasies, (as hul bestaan) omtrent die verhouding van een taal tot 'n ander, of van 'n groep van tale tot mekaar, en omtrent die verwantskap van die betrokke volke ten opsigte van hul afkoms, geskiedenis en oorspronklike woonplaas.

Die bestudering van die vraag, en die antwoord daarop, het gelei tot die begrip van taalfamilies, m.a.w. die waarneming van leksikaliese en morfologiese ooreenkoms het gevoer tot die idee van genealogiese saamhorigheid van verskillende tale.

Bij die genealogiese groepering van die s.g. Indogermaanse taalfamilie, waartoe ook Afrikaans behoort, werd die verhouding van die verskillende Indg. tale tot mekaar aanvankelik uitgedruk deur 'n stamboom. Schleicher was die eerste om so'n stamboom vir die Idg. tale op te trek (in 1853 in die "Kieler Allg. Monatschrift," en daarna, 1861, in "Die Deutsche Sprache"), en sif s.g. "Stammbaumtheorie" te formuleer, alhoewel hij reeds voorgangers had in Bopp e.a. Bijna gelijktijdig met Schleicher het Max Müller (in "Der Veda und der Sendavesta," en in sif "Vorlesungen über die Wissenschaft der Sprachen," 1863) tot 'n dergelijke konklusie gekom, en Max Müller's idee werd verder uitgewerk deur Lottner in 'n geskrif (in Kuhns Zeitschrift VII).

Ten gevolge van die meningsverskille van die verskillende taalvorsers ten opsigte van die groepering van die Idg. tale, het die vraag ontstaan, of die gevolgde metode die regte was.

In die stamboomtheorie is seker 'n element van waarheid. Dit kan gebeur, dat 'n volk sig in enige groepe verdeel, en dat daar 'n geografiese skeiding tussen die groepe ontstaan kan, wat die gereelde verkeer ophef. Dan sal ook die samehang van die taal opgehef word, en die taal van ieder mensegroep sal in 'n eie

rigting ontwikkel, m.a.w. dan krij 'n mens "Sprachspaltung" of taalsplitsing, d.i. die ontstaan van verskillende tale uit 'n vroeër min of meer homogene taal.

Maar al raak 'n volk nie geografies verdeeld nie, dan kan daar tog onderskeide in die taal ontstaan. Dit het Schuchardt in sij in 1870 gehoude, maar eers later gedrukte, "Habilitationsvorlesung über die Klassifikation der romanischen Mundarten" (Graz, 1900) aangetoon, en daarna in 1872 Johann Schmidt in sij beroemde "Verwandtschaftsverhältnisse der indo-germanischen Sprachen" (Weimar, 1872), waarin hij sij "Wellen"- of "Übergangs-theorie" uiteengeset het. (Hiervan is 'n verduidelikte en toegeligte uitsetting te vind in Schraders "Sprachvergleichung und Urgeschichte," Junie 1890; 'n ander deur Brugmann in Techmers Zeitschrift I, en bij Paul—"Prinzipien der Sprachgeschichte" onder die Hoofdstuk oor "Sprachspaltung").

Schmidt breek met Schleichers stamboomteorie, en toon aan, dat daar dialektiese verskille in 'n taal kan ontstaan sonder dat die geografiese samehang van die volk verbreek word. Schmidt gaan uit van die kontinuïteit van die taal van 'n geografiese gebied, en toon aan, dat op bepaalde punte in die gebied dialektiese verskille kan ontstaan deur klankveranderinge, wat die gevolge is van allerlei "psycho-fysische" faktore, en wat sig kringvormig uitbrei, sodat 'n mens 'n betrekkelike eenheidstaal krij met dialekties elkaar kruisende verskijnsele.

Die beswaar teën Schmidts teorie is die moeilikheid om te verklaar, hoe dit kom, dat verskillende taalgroepe van dieselfde taalfamilie so sterk van mekaar te onderskei is. Schmidt verklaar dit uit die ontstaan van nasionale sentra en die wegval van tussenlede, sodat 'n mens geografiese taaleilande krij. 'n Volk, wat op taalgebied die oorgang vorm tussen sij linker en sij regter bure, kan deur 'n oorlog onder gaan, of verhuis, sodat al kom die linker en regter bure daardeur geografies nader aan mekaar, hul tale tog ver van mekaar blij, terwyl andere bure, wie se tale 'n tamelike ooreenstemming vertoon, weer op politiek gebied kan aansluit bij mekaar, waardeur 'n nuwe nasionaliteit gevorm word, wat aanleiding gee tot nuwe ooreenkoms, maar ook tot nuwe verskil, sodat 'n nuwe groepering nodig word.

Die grote verskil tussen Schmidts "Wellentheorie" en Schleichers "Stammbaumtheorie" is dit, dat Schmidt uitgaan van die kontinuïteit van 'n taal en Schleicher van die splitsing van 'n taal.

Schmidts teorie het enige korreksies en wijsiginge ondergaan in Leskiens "Deklination im Slavisch-Litauischen und Germanischen" (1876), in Kretschmers "Einleitung i.d. Gesch. der griechischen Sprache" (1896) in Hirts artikel oor "Die Verwandtschaftsverhältnisse der Indogermanen" (in "Indg. Forschungen" iv.), en ten slotte in Brugmanns artikel "Zur Frage nach den Verwandtschaftsverhältnissen der Idg. Spr." (in

Techmer's Zeitschrift für allgemeine Sprachwissenschaft I), terwyl laasgenoemde skrywer sy standpunt verder handhaaf in die nuwe uitgawe van sy "Grundriss der vgl. Grammatik der idg. Sprachen." IIe (1897).

Die uitkoms van die latere wijsiginge kom in kort hierop neer, dat vir taalsplitsing en die ontstaan van tale 'n groot aantal faktore in aanmerking kom. 'n Mens moet b.v. bij die beoordeling van taalkundige ooreenstemming bij verwante volke die moegelikeid in die oog hou, dat 'n verskijsel, wat in die oertaal self voorberei was, sig eers later kan voordoen, nadat die volke geskei is, soos b.v. op germaans gebied die s.g. "i-Umlaut."

In alle germ. tale, wat nie vroeg ondergegaan is nie, vind 'n mens hierdie taalverskijsel, en tog bij almaal eers in 'n tijd, toe daar reeds belangrike verkillen was tussen die verskillende germ. dialekte. Verder het die verskijsel sig bij die verskillende dialekte ook nie op dieselfde tijd voorgedoen nie. 'n Samehang tussen die germ. dialekte is nie te ontken nie, en tog word die samehang nie verklaar uit die kontinuïteit van die taal nie, en ook nie deur die genealogiese stamboom nie, maar hierdeur, dat in die tijd van die eenheidstaal die betrekkelik. homogene taal sig sover in 'n bepaalde rigting ontwikkel het, dat die aangegewe rigting sig vanself na die taalsplitsing verder ontwikkel het, en wel onder verskillende omstandighede en invloede van buite af, wat die verskil in die kronologie van die voltooiing van die aangegewe rigting bij die verwante tale verklaar.

Dan moet 'n mens rekening hou met soms onnaspeurbare faktore en met toeval, en dan word die vraag moeilik om te beoordeel. Hoe verder die volke uiteen woon, en hoe langer hul geskei is, so veel te eer sal 'n mens aan toeval glo, en die moegelikeid van toeval is ook groter naarmate die verskijsel meer geïsoleerd staan.

Welke is die "psycho-fysische" faktore, wat die klanke van 'n homogene taal laat verander, sodat daar mettertijd verskillende taalgemeentes met 'n heterogene taal bestaan waaruit dan die verskillende tale of dialekte ontstaan?

Op die vraag is deur verskillende taalvorsers verskillende antwoorde gegee. Ek wil die antwoorde hier net korteliks samevat, sender om 'n kritiese beskouing daaroor te gee.

Schleicher (in "Die Deutsche Sprache") en Whitney (in "Language and its Study" (1875) en in "Life and Growth of Language" (1886)) het alle klankveranderinge toegeskrywe aan die ingebore luiheid en slordigheid van die mens om korrek te praat, terwyl Bopp (in "Vergleichende Grammatik"), en Scherer (in "Geschichte d. deutschen Sprache") alle klankveranderinge aan die menselike sin vir welluidendheid toegeskrywe het.

Osthoff (in "Das physiologische und das psychologische Moment in der Sprachlichen Formenbildung, 1879), en Sweet

in "The History of Language," IIIe 1908), het gewijs op die invloed van klimaat op 'n taal.

. Darmsteter ("La Vie des Mots" 1887), en Passy ("Change-ments, Phonétiques du Langage" 1891), skrywe klankveranderinge toe aan die feit, dat elke nuwe geslag op 'n gebrekkige en onvolmaakte wyse die ouer geslag napraat.

'n Ander oorsaak van klankveranderinge is rasseaanraking en rassemenging volgens Hirt (aangehaalde artikel), Wechssler ("Gibt es Lautgesetze" 1900) en Bradley ("The Making of English" 1906).

Wundt ("Sprachgesch. und Sprachpsychologie" en "Völkerpsychologie" 1904) wijs op 'n kompleks van invloede, wat hij hoofsaakelik in drie kategorieë verdeel, nl. (1) Natuuromgewing, (2) Vermenging van Volke en Rasse, en (3) Kultuurinvloede.

Meringer (Idg. Forschungen 16) vind die hoofoorsaak van klankveranderinge in menselike gemoedsbeweginge.

Ten slotte wijs Paul ("Prinzipien der Sprachgeschichte" IVe 1909), en in navolging van hom, Wyld ("Historical Study of the Mother Tongue" 1907), dat kinders nie juis, soos Darmsteter en Passy beweer, gebrekkig die ouer geslag napraat nie, maar dat daar bij die ouer geslag reeds 'n neiging tot, en die begin van, 'n klankverandering is, wat deur die jonger geslag oorgeneem, en so van geslag tot geslag geleidelik aangedik word.

Die gevolg van al hierdie invloede op 'n homogene taal is dat daar 'n middelpuntvliedende beweging ontstaan, sodat, in die woorde van Paul, "Alle natürliche Sprachentwicklung führt zu einem stetigen, unbegrenzten Anwachsen der mundartlichen Verschiedenheiten." (Prinz. der Spr. p. 48), ja, "Ohne mundartliche Unterschiede ist eine Sprache die sich über ein einiger-massen umfangliches Gebiet erstreckt und eine längere Entwicklung hinter sich hat, gar nicht zu denken." (Prinz. der Spr. 46), en, "Ohne fortwährende Differenzierung kann das Leben einer Sprache gar nicht gedacht werden." (loc. cit.) "Dialekt-spaltung bedeutet (also) nichts anderes als das Hinauswachsen der individuellen Verschiedenheiten über ein gewisses Mass." (Prinz. der Spr. 38). (Und) "Die Frage, die wir zu beantworten haben, ist vielmehr die: wie kommt es, dass, indem die Sprache eines jedes einzelnen ihre besondere Geschichte hat, sich gerade dieser grössere oder geringere Grad von Übereinstimmung, innerhalb dieser so und so zusammengesetzten Gruppe von Individuen erhält?" (Prinz. der Spr. 39—40).

As dit die geval is, dan doen sig natuurlikerwyse die vraag voor, wanneer word 'n dialek 'n taal, en wat is dan die onderskeid tussen taal en dialek?

Laat mij dit maar drek sê, dat daar in die taalwetenskap 'n absolute verskil tussen taal en dialek gemaak word nie; want die begrippe is relatief. As 'n mens 'n taal beskou teënoor die hoëre eenheid, waaruit dit ontstaan is, dan is dit 'n dialek van daardie hoëre taaleenheid; maar beskou 'n mens dit teënoor 'n

laere eenheid of laere eenhede, wat weer daaruit ontstaan is, dan mag 'n mens dit 'n taal noem. Beskouw 'n mens b.v. Hollands teënoor Germaans, dan is Hollands 'n germ. dialek; maar beskouw 'n mens Hollands teënoor die verskillende hollandse dialekte, dan is Hollands 'n taal. So is Afrikaans 'n dialek van Hollands, maar 'n taal van wege sij eienaardige posisie in S.A., en ten opsigte van die gewestale van o.a. die boland en die onderveld.

Populêr uitgedruk mag 'n mens sê, dat 'n taal 'n dialek is, wat dialekte gekrij het. Die verhouding is bijna soos in die familielewe, waar 'n vrou die dogter (cf. dialek) van haar moeder (cf. moedertaal) genoem word, terwyl sij ter selfder tijd die moeder (cf. taal) van haar eie dogters (cf. dialekte) is. Wyld druk die verhouding van "taal" en "dialek" goed uit in die woorde: "The distinction between a "Dialect" and a "Language" is only one of the degree of differentiation from the original type." ("Historical Study of the Mother Tongue," p. 91).

'n Ander vraag is dit, hoe 'n dialek 'n skriftaal word. Naarmate 'n volk ontwikkel, word daar behoefte gevoel aan 'n algemene skriftelike uitdrukkingsmiddel om as 'n kommunikasiemiddel te dien in die plek van die minder daartoe geskikte gewestale waarin die verskillende skrywers tot sover hul gedagtes opgeteken het. Verskillende omstandighede, soos sentrale situasie, die regeringssetel, en die letterkundige werke van skrywers, werk mee om één uit 'n aantal dialekte die beste kans te gee om te dien as die basis van die skriftaal, tot die vorming waarvan egter ook die andere dialekte bydra. So is die algemene beskaafde skriftaal van 'n land in die reël niks anders as 'n kunstmatige produk, gebaseerd op die gelukkigste dialek van die land, maar gevormd deur medewerking van die andere dialekte. Na die kunstmatig gevormde algemene beskaafde skriftaal rig sig dan weer die algemene beskaafde spreektaal, wat in oorsprong nog meer kunstmatig is as die skriftaal, omdat dit 'n namaak van 'n namaak is, maar wat gewoonlik meer en meer natuurlik word, omdat dit minder konserwatief is dan die skriftaal, wat aan bande gelê word deur die drukkuns, deur die moeilikheid om altijd 'n fonetiese skryfwyse te volg, en deur die onmogelikheid vir die skriftaal om tred te hou met die ontwikkeling van die dialekte, wat die spreektaal veel beter kan doen. In die woorde van Sweet: "When civilization brings with it the necessity of centralization, it becomes necessary to use one special dialect as a means of general communication throughout the country, especially if some of the dialects have become mutually unintelligible. If centralization goes on long enough, this common or standard dialect, after being influenced more or less by the local dialects, begins to supplant them, first in the speech of the educated, and then in that of the lower classes, till at last nothing remains of the original dialect but some peculiarities of speech and intonation, which last seems to survive longest." ("History of Language," p. 73).

Ons krij dus min of meer die volgende trappe in die ontstaan van 'n taal:—

(1) die bestaan van 'n hypothetiese homogeen oertaal, wat al bijna van meet af aan deur die invloed van allerlei psychophysiese faktore dialektiese verskille vertoon, en gewoonlik sonder letterkundige produkte is;

(2) die dialektiese verskille word deur die druk van dieselfde psycho-physiese invloed in 'n middelpuntvliedende beweging "ad infinitum" geset, en dialekties gekleurde skriftelike dokumente begin te ontstaan;

(3) die also ontstane dialektiese verskille groepeer sig tot bepaalde dialekte deur "das Hinauswachsen der individuellen Verschiedenheiten über ein gewisses Mass." (Paul, Prinz, der Spr., p. 38), en die letterkundige voortbrengsele is dialekties.

(4) Een van die sodanig ontstane dialekte krij die geluk om die basis te word van 'n algemene offisiële skrifftaal, wat sig ontstaan te danke het aan 'n sentrum-soekende beweging, maar wat direk na sig ontstaan weer onder die invloed van die reeds genoemde psycho-physiese faktore in 'n middelpuntvliedende beweging geset word, en alleen minder snel uit mekaar spat dan die dialekte wegens die invloed van sekere konserwatiewe magte, 'n skrifftaal, waarin die klassieke werke van 'n nasie se letterkunde gewoonlik begin om geskrywe te word;

(5) Na die voorbeeld van die offisiële beskaafde skrifftaal vorm sig 'n algemene beskaafde spreektaal, wat sig ontstaan ook te danke het aan 'n sentrum-soekende beweging, maar wat sterker dan die skrifftaal onder die invloed van die reeds genoemde psycho-physiese faktore staan, en dus sterker in 'n middelpuntvliedende beweging geset word, deurdat die konserwatiewe magte hier ontbreek. Die letterkundige produkte begin al meer en meer ook rekening te hou met die beskaafde spreektaal naas die beskaafde skrifftaal, wat sig van tijd tot tijd hervorm en verjong deur nuwe taalmateriaal te put en uit die beskaafde spreektaal en uit die dialekte, wat intussen verder ontwikkel is, maar nie sonder invloed gebly is nie op die algemene beskaafde spreektaal, sodat die skrifftaal van 'n land beïnvloed word deur die dialekte regstreeks en deur die dialekte langs die omweg van die algemene spreektaal.

Die vraag na die aard en die oorsake van "Sprachspaltung," of taalsplitsing, ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse Taal moes, soos blyk uit voorgaande inleiding tot die kwessie, sig vanself opdring aan alle filologe, wat hul besig gehou het met die jongste ontwikkelinge van die Indogermaanse, en in die biesonder van die Germaanse, taalfamilje.

Dat die Afrikaanse Taal 'n splinternuwe loot van die Germaanse taalstam, en meer bepaald van die Nederlandse taaltak, verteënwoordig, as ek 'n beeld mag gebruik à la Schleicher, neem alle filologe eenparig aan, en m.i. met reg.

Beskouw 'n mens Afrikaans teënoor die hoëre eenheid.

waaruit dit ontstaan is deur 'n splitsingsproses, dan is Afrikaans 'n dialek van Nederlands; maar beskou 'n mens dit teënoor die laere eenhede, die dialektiese verskille in Afrikaans, dan is Afrikaans 'n "taal." En hier moet ek daarop wijs, dat die dialektiese verskille in Afrikaans nie mag onderskat word nie, en dat Dr. Viljoen oordrijwe, waar hij sê: "Dialektische Eigen thümlichkeiten, Verschiedenheiten in . . . . Aussprache der Wörter und Wortformen, . . . . gibt es ja in dem ganzen gros sen Sprachgebiet kaum." (W. J. Viljoen, "Beiträge zur Ge schichte der Cap-Holländischen Sprache," Strassburg, 1896, p. 31, ens.; vgl. Dr. D. B. Bosman, "Afrikaans en Maleis-Portu gees," Groningen, 1916, p. 119).

Hierteen het dan ook opgekom Dr. T. H. le Roux ("Beschrijvende Klankleer van het Afrikaans," Leiden, 1910, pp. 20—21), wat overigens aangetoon het (in 'n artikel in "Die Brandwag"), dat Afrikaans, afgesien van die feit van die dialektiese verskille in Afrikaans self, 'n taal is, omdat dit dien as die spreek-skrif- en kultuurtaal van 'n betrekkelike volkseenheid uitgebreid oor 'n grote en min of meer streng afgebakende geografiese gebied, waarin nie 'n ander, en veral nie 'n ouer en hoër, vorm van dieselfde taal algemeen gebruik word nie, behalwe Nederlands, waarvan Afrikaans, soos reeds gesê is, so sterk gedifferen siëerd is, dat Nederlands en Afrikaans reeds deur alle filologe, d.w.s., deur wetenskaplike taalvorsers en taalkenners, as twee aparte tale beskou word.

Oor die splitsing van Afrikaans van Nederlands af, en die ontwikkeling tot 'n taal, bestaan dus eigenlijk g'n verskil van opinie nie; maar waaroor daar wel degelik verskil van opinie bestaan is oor die faktore, wat verantwoordelik was vir die splitsing en die ontwikkeling.

Oor die verskil van opinie omtrent die faktore, wat Nederlands laat ontwikkel het onder bepaalde omstandighede tot Afrikaans, en Afrikaans laat ontwikkel het tot 'n taal, wens ek hier in die biesonder te spreek, en aan te toon:—

(1) dat daar op die gebied van die Afrikaanse Taalwetenskap deur die verskillende taalvorsers, met 'n paar uitsonderinge, g'n vooruitgang in die metode van ondersoek gemaak is nie,

(2) dat die gevolgde metode verantwoordelik was vir die meningsverskille, en

(3) dat die gevolgde metode m.i. verkeerd, of ten minste, eensydig was.

'n Kort oorsig van die verskillende navorsers se beskouingê oor die faktore, wat verantwoordelik was vir die ontstaan en die ontwikkeling van die Afrikaanse Taal sal hier dus seker op sij plek wees.

Dr. Theophilus Hahn het in 'n "Annual Address" bij geleëntheid van die jaarvergadering van die "South African Public Library, op 29 April 1882, die volgende mening uitgespreek oor die ontstaan van Afrikaans:—

“The Dutch *patois* can be traced back to a fusion of the country dialects of the Netherlands and Northern Germany, and although phonetically teutonic, it is psychologically an essential Hottentot idiom. For we learn this *patois* first from our nurses and ayas. The young Africander, on his solitary farm, has no other playmates than the children of the Bastard Hottentot servants of his father, and even the grown-up farmer can not easily escape the deteriorating effect of his servants' *patois*.” (Sic “Cape Times” van 29 April en 1 Mei 1882. Aangehaald ook bij Schuchardt). Dr. Hahn vind die kausale faktor van die differensiering van Afrikaans van Nederlands af dus in die invloed van Hottentots, en kom tot die wonderlike gevolgtrekking, dat 'n taal, wat uit Nederlandse en Noord Duitse dialekte ontstaan is, sijn idioom verruil vir 'n Hottentotse, sonder dat Hottentots 'n invloed uitoefen op die klankstelsel van die taal.

Dr. Jan te Winkel het die ontstaan van Afrikaans toegeskrywe aan die invloed van die Frans van die Franse Hugenote. (“Het Nederlandsch in Noord-Amerika en Zuid-Afrika” in “Vragen van den Dag” XI, 1896). Volgens Schuchardt was ook Prof. M. de Vries die mening van Dr. J. te Winkel toegedaan. Dr. J. te Winkel is later van standpunt verander; maar tog glo hij nie, dat spontane ontwikkelingsfaktore voldoende is om die ontstaan van Afrikaans te verklaar, want die snelheid van die splitsing is vir hom te groot, as daar nie ander sterke invloede van buite af ingewerk het nie.

Reeds voor Dr. J. te Winkel het Mnr. C. Stoffel (in “Volksalmanak der Maatschappij tot Nut van het Algemeen,” 1882), die vormingsfaktor in Frans gesoek.

H. Schuchardt wijs (in 'n bespreking van Dr. N. Mansvelt's “Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon,” Kaapstad, 1884, in “Literaturblatt für germanische und romanische Philologie,” 1885) op die invloed van Duits, alhoewel hij nie uitdrukkelik sê nie, dat Duits die faktor was, wat verantwoordelik was vir die ontstaan van Afrikaans, want sijn woerde lui: “Unter den holländischen Kolonisten befanden sich gleich von Anfang an viele Deutsche; und so ist denn, nicht bloss durch deutsche Soldaten der Ostindischen Kompagnie und deutsche Missionäre späterer Zeit, viel Deutsches ins Kapholländische gekommen.” (loc. cit.) In die hier gesiteerde geskrif, en later (in sijn “Kreolische Studien,” iv) wijs Schuchardt ook op die invloed van Maleis-Portugees.

Dat Maleis-Portugees die faktor was deur die invloed waarvan Nederlands in S.A. Afrikaans geword het, is die betoog van Dr. D. C. Hesseling (in “Het Hollandsch in Zuid-Afrika” (in “De Gids,” 1897), later en veral in “Het Afrikaansch,” Leiden, 1899, en verder in “Over de Taal en Letterkunde in Zuid-Afrika” (in “Taal en Letteren” x 1900), in “Is het Afrikaansch de zuivere Ontwikkeling van een Nederlands Dialekt?” (“Taal en Letteren,” xvi), in “Nieuwe Geschriften over het Afrikaans”

(in "Die Brandwag," Jan., 1914), in "Een nieuwe Theorie over het Ontstaan van 't Afrikaans" ("De Nieuwe Taalgids," viii), in "Het Negerhollands der Deense Antillen," Leiden (1905), en onlangs, weer in "De Nieuwe Taalgids (waarvan 'n oordruk te vinde is in "Die Brandwag" van Nov. ? 1916).

Dr. Hesseling se betoog het ondersteuning-geviënd bij Dr. P. J. du Toit ("Afrikaansche Studies," Gent, 1905), bij Dr. J. van Ginneken ("Handboek der Nederlandsche Taal," Nijmegen, 1913, I Kap. 7), bij Dr. C. G. N. de Vooy ("Hist. Schets der Ndl. Lettk." p. 178), bij J. Verdam ("Uit de Gesch. der Ndl. Taal," Dordrecht, 1902, pp. 88-97), bij F. Th. Schönken ("De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen," vertaald deur D. Fuldauer," Amsterdam, 1914, pp. 166-176); terwijl Dr. J. te Winkel ook daarop terug kom (sie pp. 33-36 van "Gesch. der Ndl. Taal," Culemborg 1901, vertaald deur Dr. F. C. Wieder uit Pauls "Grundriss der germanischen Philologie" IIe 1898), en Dr. T. H. le Roux sig; met 'n paar terughouinge, daarbii skijh neer te lê (in "Beschr. Klankleer v. h. Afrik." Leiden 1910, p. ii.)

Die gemeenskappelijke eigenskappe van die bogemelde teorieë is, na dit mij voorkom, die volgende:—

(1) die genoemde taalvorsers verwerp die mogelijkheid, dat Afrikaans sij ontstaan aan spontane ontwikkelingsfaktore kan te danké hê, (hievoor later);

(2) Hul verwerp die mogelijkheid van spontaniëteit van ontwikkeling, omdat die tempo van die ontwikkeling, volgens hul beskouwinge anders te abnormaal snel was;

(3) die gevolg van hul standpunt is, dat hul gedwonge word om die vervormingsfaktore buitekant die oorspronklike stamland of "Urheimat" van die Afrikaanse Volk te soek, en dit het weer twee grote gevolge:—

(a) dat hul (soos Schleicher) te veel uitgaan van die taalsplitsing, en te weinig van die kontinuïteit van die taal (waarin die swaartepunt van Schmidt se beskouwinge lê), déurdát hul die differensieringsfaktore buitekant Nederland soek, en

(b) dat hul die swaartepunt van die hele vraagstuk in sake die ontstaan van Afrikaans verskuiwe van die prae-historie na die posthistorie van die splitsingsproses.

(4) hul word dus bijna gedwonge tot die formulering van 'n teorie, wat, formeel beskouwd, insluit:

(a) 'n stelling, n.l. dat Afrikaans 'n mengeltaal is, wat hul eenvoudigweg aanném, omdat hul standpunt hul daartoe dwing, en

(b) 'n hypothese, n.l. dat die vervormingsfaktor 'n taal is en nie 'n ander soort faktor nie, soos isolement, ens., ens., want hul stelling van 'n mengeltaal dwing hul om

alleen taalinvloede in aanmerking te neem, en dit is hier, waar daar die enige mogelijkheid van 'n meningsverskil bestaan kan, sodat die hypothese van die een die vervormingstaal vind in Hottentots, die van 'n ander in Frans, van 'n derde in Duits en van 'n vierde in Maleis-Portugees.

'n Mooi voorbeeld van die genoemde redeneerwijse bied ons "Het Afrikaansch" van Dr. Hesseling. Die uiteensetting van Dr. Hesselings Maleis-Portugees teorie verdeel sig in twee hoofdele: (a) 'n geskiedkundige, en (b) 'n taalkundige. Die historiese val weer uiteen in twee onderdele: (a) 'n negatiewe, en (b) 'n positiewe, en die taalkundige deel sluit in, soos bo aangetoond, (1) 'n stelling, en (2) 'n hypothese. In die negatiewe deel van Dr. Hesselings historiese argumente lê bijna al die krag van sij betoog, want daarin probeer hij te bewijs, waarom Afrikaans nie spontaan kan ontwikkel wees nie, en waarom die inwerkende invloed nie kan uitgegaan het van Frans, Duits, Hottentots of Bantoe tale nie. In die positiewe deel probeer hij om 'sij pleidooi vir die invloed van Maleis-Portugees so sterk moontlik op te stel; maar dit geluk hom nie so goed as in die negatiewe deel nie. Daarna kom die taalkundige deel van sij argumente, en die begin swak met sij aanname van 'n mengeltaal, wat, volgens die deur hom aangenome definisie van 'n "Mischsprache" van Windisch ("Zur Theorie der Mischsprachen und Lehnwörter." Berichte der Königlich-Sächsischen Gesellschaft der Wissenschaften, Leipzig, 1897), nie eers steek hou nie, en in die hypothese, waarin die swaartepunt en krag van sij hele teorie moes lê, loop sij taalkundige bewijsmateriaal op 'n jammerlik skrale oes uit.

Ek meen, dat ek hiermee voldoende aangetoon het (1) dat op die gebied van die Afrikaanse Taalwetenskap deur die hier genoemde taalvorsers g'n vooruitgang in die metode van ondersoek gemaak is nie, (2) dat die gevolgde metode verantwoordelik was vir die meningsverskille, en (3) dat die gevolgde metode in elk geval heel eensydig was.

Dit is dan ook g'n wonder nie, dat al die hier genoemde teorieë die een na die ander so hewig aangepak en toegetakel is.

Tëen Dr. Th. Hahn se Hottentot teorie het reeds Schuchardt beswaar gehad; maar wetenskaplike bestrijding het die teorie eers gevind bij Dr. Hesseling (in "Het Afrikaansch"—vgl. daarmee die argumente in "Wilhelm ten Rhyne" in die "Unie" van Februarie, 1906).

Soos ons reeds gesien het, het Dr. te Winkel later self van standpunt verander ten opsigte van die invloed van Frans op Afrikaans, wat die bestrijding van sij teorie deur Dr. Hesseling feitelik onnodig gemaak het. Vandag is die invloed van Frans op Afrikaans bijna alleen sigbaar in familie- en plaasname (vgl. Dr. D. B. Bosman, "Afrikaans en Maleis-Portugees," p. 117).

Ook die invloed van Duits; wat Schuchardt maar terloops genoem het (want hij glo ook: "Das Kapholländische ist das

Resultat einer sehr starken und merkwürdigen Sprachmischung," loc. cit.) is bestrij o.a. deur Dr. Hesseling (in "Het Afrikaansch").

Ten slotte kom ons tot die Maleis-Portugees teorie, wat, soos ons reeds aangetoon het, die grootste aantal geleerde aanhangers tel. Dr. Hesseling se Maleis-Portugees teorie het in die jongste tijd nog meer teënspraak gevind dan al die andere.

Die Maleis-Portugees teorie het teënspraak gevind eers bij Dr. Heinrich Meyer-Benfey (in "Die Sprache der Buren," Göttingen, 1901), en later weer in "Die Burensprache und ihre Literatur" ("Preuss. Jahrbücher, Nov. 1904), en bij Dr. E. Kruisinga (in "De Oorsprong van het Afrikaans" in "Taal en Letteren," xvi), en daarna in ons vaderland bij Mnr. C. J. van Rijn (in "Het Nauwe Verband tussen het Afrikaans en het Hollands," Kaapstad, 1914). Ten slotte is die onlangs verskene proefskrif van Dr. D. B. Bosman ("Afrikaans en Maleis-Portugees," Groningen, 1916) feitelik van begin tot end 'n polemieek teën Dr. Hesseling se Maleis-Portugees teorie, wat m.i. deur die polemieek halfweg uit die wereld gehelp is, al stel Dr. Bosman se strijdskrif weinig in die plek van wat dit afgebreek of probeer afbreek het.

Dit blijk, dat die besproke teorieë eensydig is, omdat die genoemde filologe nie histories genoeg te werk gegaan is nie, of liever, omdat hul geskiedkundige oorweginge in die pad laat staan het van taalhistoriese ondersoekinge. Uitgaande van die standpunt van Hirt, Wechssler en Bradley, .c.s., dat rassekontak een van die sterkste vormingsfaktore is in die ontwikkeling, van 'n taal, het hul die differensieringsfaktore buitekant die oorspronkelike stamland gaan soek bij die vreemde volke en rasse, waarvan hul uit geskiedkundige (en nie uit taalkundige) gegewens gewet het, dat die koloniste aan die Kaap in aanraking mee gekom het, en sodoende het hul uitgegaan van vooropgesette teorieë, en het hul dan ook vervolgens die vormings-element gevind in Hottentots, in Frans, in Duits en in Maleis-Portugees, en as die Hollandse koloniste met nog andere nasies of rasse aan die Kaap in aanraking gekom het, dan sou daar seker ook teorieë ten gunste van daardie nasies se tale opgestel gewees het. So het die een hypothese na die ander alleen rekening gehou met die posthistoriese van die splitsingsproses, en so is daar deur die genoemde filologe gebreek met die kontinuïteit van taalontwikkeling, deurdat die spontane ontwikkelingsfaktore buite rekening gehou is.

Is daar ook beskouinge oor die oorsprong van Afrikaans, wat vrij is van die hier genoemde bedenkinge? en as daar sodanige beskouinge is, is die kwessie daarmee uitgemaak, of blij daar nog andere moeilikhede,

Dr. W. J. Viljoen se "Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache" (Strässburg, 1896) is in soverre vrij van die bogenoemde bedenkinge, dat daar meer aandag gewij word aan die voorgeskiedenis van Afrikaans deur die poging om

Afrikaans terug te voer tot die basis van die Fries-gekleurde volkstaal van die provinsie Noord-Holland.

G. J. Boekenooen weerspreek die mening van Viljoen en neem 'n Suid-Hollandse karakter aan vir Afrikaans ("Album-Kern," Leiden, 1903, p. 245-48). F. Th. Schonken ("De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen" vert. deur D. Fuldaur, Amsterdam, 1914, pp. 169-170) is dit helemaal met Boekenooen eens, en Dr. T. H. le Roux ("Beschr. Klankl. v.h. Afrik.," Leiden, 1910; p. ix) is ook oortuigd. Ook Dr. J. te Winkel, al het hij hom ten opsigte van die ontstaan van Afrikaans eers uitgedruk ten gunste van Franse invloed, en sig daarna blykbaar neergelê bij die Maleis-Portugees toerie, neem 'n Suid-Hollands basis aan vir Afrikaans ("Vragen van den Dag," xi, 1896; en in Dr. F. C. Wieders vertaling uit Pauls "Grdr. d.germ. Phil." van Dr. J. te Winkels "Gesch. der Ndl. Taal," Culemborg, 1901, p. 34).

Dr. Viljoen het sig weer verset teen die argumente van Boekenooen (in die "Unie," Nov. 1905, vgl. daarmee weer Dr. E. C. Godée. Molsbergen oor "Afrikaans en Noord-Hollands" in die "Unie," Nov. 1905), en of dit moelik sal wees om Afrikaans terug te bring tot een of ander bepaalde Nederlandse dialekt betwyfel ek seer (vgl. Dr. T. H. le Roux: loc. cit., p. iii, en J. Verdam "Uit de Gesch. d. Ndl. Taal," Dordrecht, 1902, p. 92). [Hieroor later.]

Dr. E. Kruisinga ("De Oorsprong van het Afrikaans," in "Taal en Lett." XVI) en Mnr. C. J. van Rijn ("Het Nauwe Verband tussen het Afrikaans en het Hollands," Kaapstad, 1914) sien in die ontstaan van Afrikaans, die psycho-fysiese omstandighede in aanmerking genome, niks abnormaals nie, en laasgenoemde formuleer sij beskouing heel duidelik (p. 16): "Het Afrikaans . . . . . is 'n natuurlik produkt van "taalvereenvoudiging," tengevolge van isolement, van eenzaam, afgezonderd leven. Stellig zouden dezelfde afwijkingen ook in de taal gekomen zijn, zonder dat er één slaaf of één kleurling geweest was . . . . . Voor mij is het Afrikaans door en door een witmantaal, door en door Hollands (dus geen "mengeltaal"), dat geleden heeft . . . . . door de eenzaamheid en het schone klimaat."

Op die invloed van klimaat het Theal reeds gewijs: "Another cause of difference between the language of the Netherlands and that of S.A. was climatic." (Dr. G. Mc. C. Theal, "History of S.A.," III, p. 329).

In sij onlangs verskene en deur mij reeds meermale genoemde proefskrif ("Afrikaans en Maleis-Portugees," Groningen, 1916) kom Dr. D. B. Bosman, na die bestrijding van Dr. Hesseling se Maleis-Portugees teorie, tot die formulering van 'n eie teorie, n.l.: "In sover nou as Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van Nederlands is nie, is dit 'n ontwikkeling van Nederlands onder invloed van die geadapteerde Nederlands van vreemdelinge" (p. 118), al werk Dr. Bosman sij eie teorie nie

nader uit nie, en al erken hij, dat 'n benadering van sij geadapteerde Nederlands teorie reeds deur Ds. Postma gegee is in "Die Brandwag" van 15 Februarie en 1 Maart 1912 (loc. cit., p. 126).

In 'n bespreking van Dr. Bosman se proefskrif (in "Die Brandwag" van 1 Okt. 1916) stel J. F. van Oordt Afrikaans voor as 'n natuurlike ontwikkeling van die Oud-Hollandse skeeps- of seemans-taal vermengd met dialektiese fragmente uit andere tale.

Dr. Viljoen neem dus vir Afrikaans 'n Noord-Nederlandse en Boekenooen 'n Suid-Nederlandse basis aan, terwyl Dr. Krusinga en Mnr. van Rijn in Afrikaans 'n natuurlike ontwikkeling van 17e eeuwe Nederlandse dialekte sien onder bepaalde omstandighede, soos klimaat, ens. (vgl. Theal), en Van Oordt 'n ontwikkeling van die 17e eeuwe Nederlandse seemanstaal, en vir Dr. Bosman Afrikaans in elk geval 'n ontwikkeling van Nederlands is, maar 'n ontwikkeling, waarvan hij nie wil sé, dat dit helemaal spontaan is nie, omdat die tempo van die ontwikkeling te snel was (vgl. pp. 113-114), en omdat s.i. die Afrikaanse werkwoord nie deur 'n spontane ontwikkeling van Nederlands kan verklaar word nie (vgl. p. 107).

Die gemeenskappelijke eigenskappe van die hier besproke teorie is m.i. die volgende:—

(1) die genoemde filologe verwerp nie die mogelijkheid nie, dat Afrikaans sij ontstaan aan 'n spontane ontwikkeling kan te danke hé;

(2) daarom probeer hul nie om die splitsingsproses, waardeur Afrikaans ontstaan is, te verklaar deur die aanname van faktore, wat uitsluitend buitekant die oorspronklike stamland van die Afrikaanse volk te soek is, maar hou hul ook rekening met ontwikkelingsbeweginge, wat in die taal reeds aanwesig was, en met invloede, soos klimaat ens. (vgl. le Roux bij die klankleer, en Viljoen, pp.31, 32);

(3) van daar dat daar meer aandag gewij word aan die prae-historie van Afrikaans, en daar nie gebreek word met die kontinuiteit van die taalontwikkeling nie, alhoewel daar op hierdie punt meningsverskille voorkom oor die basis van Afrikaans, b.v. Noord-Nederlandse dialek, Suid-Nederlandse dialek, Nederlandse dialekte, Nederlandse seemanstaal, ens., soos daar bij die ander groep van filologe menings-verskille voorkom oor die vreemde taal, wat van Afrikaans 'n mengeltaal gemaak het; en

(4) die resultaat is in elk geval, dat Afrikaans 'n Hollandse taal is, en nie 'n "mengeltaal" nie.

Dat Afrikaans 'n betrekkelijk suiwere Hollandse taal is word bewijs deur:—

(1) die grote ooreenkoms in "woordeskat," sodat al die vreemde leenwoorde van Hottentotse, Franse, Duitse en Maleis-Portugese afkoms tesame nouweliks van Afrikaans 'n mengeltaal maak in die sin van wat Windisch 'n "Mischsprache" noem,

(vgl. Dr. Bosman se berekening op p. 44 vir Maleis-Portugees, en voeg daarbij alle woorde in Afrikaans van Franse, Duitse; Hottentotse en andere afkoms);

(2) die grote ooreenkoms in "klanksisteem," in welke ópsig die klankveranderinge meestal spontaan kan wees en gewoonlik is, in aanmerking genome die invloede van isolement, klimaat, ens., en die dialektiese oorsprong van partij klanke.

(3) die grote ooreenkoms in "woordskikking" of syntaksis,

(4) die ooreenkoms in "aksent" (vgl. Sweet—"The Hist. of Language," loc. cit.),

(5) die belangrike ooreenkoms in "spreekwoordskat," ('n baje belangrike erstuk, wat die kontinuïteit van die volk se geestesontwikkeling bewijs),

(6) die ooreenkoms in "voornaamwoorde."

(7) die ooreenkoms in die wijze van "samestelling,"

(8) die ooreenkoms in "voor- en agtervoegsels" en "bui-gingsuitgange" (vgl. die stuk van Adv. W. J. van Zijl in "Ons Land" van 29 Augustus 1911, aangehaald bij van Rijn, p. 33).

Die vernaamste punte van onderskeid is m.i. die volgende:

(1) die verlies van die grammatiese geslagsonderskeidinge,

(2) die sameval van die sterke en swakke vervoeginge van die werkwoord, en die verlies van die imperfektum, en

(3) die defleksie in die werkwoordelike vervoeging.

O. Jespersen het (in sij Deense "Studier over Engelske Kasus," Kopenhagen, 1891, waarvan 'n Eng. vert. bestaan "Progress in Language with special Reference to English," London, 1894) aangetoon, dat al hierdie eigenaardighede op die natuurlike en spontane ontwikkelingsweg lê van de Germaanse tale, en aanknopingspunte is ook vir die Nederlandse taaltak te vind (vgl. Dr. J. te Winkel, loc. cit., pp. 116-120, 120-124, 142-149, ens.). Hoeveel te meer sal hierdie eigenaardighede nie ontwikkel het nie in die 17de eeuwe Nederlandse dialektiese-gekleurde volks- en seemans-taal, waarop die meer konserwatiewe beskaafde spreek- en skriftaal g'n behoudende krag uitgeoefen het nie? of in Afrikaans? want, om die woorde van Dr. Bosman aan te haal, "die meeste van die remmende faktore wat in Nederland gewerk het, was in Suid-Afrika afwesig, en bijna al die faktore wat spontane ontwikkeling bevorder, was aanwesig," (loc. cit. p. 122).

Wat staan dan in die weg om 'n spontane ontwikkeling aan te neem vir die ontstaan van Afrikaans? Die mees algemene en die belangrikste beswaar is die abnormale snelheid van die splitsingsproses. Is dit werkelijk so snel gewees? en is die tempo abnormaal snel?

Persoonlik vind ek die ontwikkeling nie so snel nie, wanneer daar rekening gehou word met die voorgeskiedenis van Afrikaans,

en die tempo nie abnormaal nie, wanneer daar rekening gehou word met al die omstandighede en vervormingsfaktore.

Dr. Hesseling neem aan ("Het Afrikaansch," p. 70 vgg.), dat Afrikaans reeds sij beslag gekrij het voor die middel van die 18e eeuw; maar sij beskouwing berus op baje onsekere gronde, en is aanvegbaar, (vgl. Dr. Bosman, pp. 119-120). Verder dan Dr. Viljoen (loc. cit.) kan ons nie met veiligheid gaan nie, dan om aan te neem; dat Afrikaans sij beslag gekrij het vóór die Grote Trek van 1836.

Maar gestel nou, dat die splitsingsproses werkelik teën 1750 afgehoop was, was dit dan so snel? en was die tempo abnormaal?

Oor die ontwikkelingstempo van 'n taal, wat ontstaan onder omstandighede soos die, waaraan Afrikaans sij oorsprong te danke het, spreek sig beide Paul en Sweet seer beslis uit. "Je wéniger intensiv der Verkehr ist, um so mehr Differenzen können sich bilden und erhalten. Noch weiter geht die Möglichkeit zur Differenzierung, wenn gar kein direkter Verkehr mehr besteht, sondern nur eine indirekte Verbindung durch Mittelglieder." (Paul- "Prinz. d. Spr.," p. 40), en Sweet sê: "As regards the relative rapidity of change in a group of dialects or cognate languages, the chief cause of change is isolation from the other languages of the group: in a compact body of languages, the greater the distance from the centre, the greater the changes, while, on the other hand, the most central dialect or language is generally the most conservative." ("Hist. of Lang.," p. 83).

Daar 'n taal, as 'n lewende organisme, altijd in 'n toestand van verandering en ontwikkeling is (vgl. Paul: "Ohne fortwährende Differenzierung kann das Leben einer Sprache gar nicht gedacht werden," loc. cit. p. 40), mag ons wel die volgende ontwikkelingsgang vir Afrikaans aanneem. Laat die eerste geslag die taal oorerf of aanleer op die oomblik, dat die taal besig is om te ontwikkel van punt a na punt a<sup>1</sup>. Dan sal die taal gedurende die leeftijid van daardie geslag waarskijnlik ontwikkel tot op die baan tussen a<sup>2</sup> en a<sup>3</sup>, wat nog baje nabij aan a en a<sup>1</sup> kan lê. Die volgende geslag begin nie presies, waar die vorige opgehou het; maar 'n bietjie meer na vorentoe, en gaan 'n bietjie verder, sodat die ontwikkeling bij hul waarskijnlik is a<sup>1</sup> ... a<sup>2</sup> > a<sup>3</sup> ... a<sup>4</sup>. So gaan die ontwikkeling voort van geslag tot geslag; maar die tempo word in S.A., om die genoemde redene, versnel.

Wanneer ons aanneem, ter wille van 'n algemene voorstelling, dat die eerste geslag van koloniste aan die Kaap gekom het op die leeftijid van gemiddeld 35 jaar, dat die gemiddelde menseleef-tijid 50 jaar is, en dat elke geslag teën hul 25ste lewensjaar hul oudste kinders in die lewe bring, dan mag ons 'n berekening maak van die natuurlike aangroei van die mense deur die verskillende geslagte heen in verband met die taalontwikkeling, waarbij ons dan alleen rekening hou met die ouers, hul oudste kinders, en hul oudste kleinkinders ens., want die jongere kin-ders en jongere kindskinders ens., leer die taal bijna niet so veel,

of misskien-meer, van hul ouere broertjies en sustertjies, as van hul ouers, en hul sal dus, alleen dien om die ontwikkeling meer geleidelik te maak.

Dan krij ons die volgende resultaat:—

	Gebore.	Eerste Kinders.	Dood.	Taalontwikkeling.
Geslag I.	1617	1642	1667	$a \dots a^1 > a^2 \dots a^3$
„ II.	1642	1667	1692	$a^1 \dots a^2 > a^3 \dots a^4$
„ III.	1667	1692	1717	$a^2 \dots a^3 > a^5 \dots a^6$
				(Versnelde tempo in S.A.)
„ IV.	1692	1717	1742	$a^4 \dots a^5 > a^7 \dots a^8$
„ V.	1717	1742	1767	$a^6 \dots a^7 > a^9 \dots a^{10}$
„ VI.	1742	..	..	$a^8 \dots a^9 > \dots \dots$

Die eerste geslag kan hul kleinkinders nog goed verstaan, want laasgenoemde het begin waar hul grootouers opgehou het ( $a^2 \dots a^3$ ); maar daar lê 'n tamelike ontwikkelingsbaan tussen die punt, waar die eerste geslag opgehou het ( $a^2 \dots a^3$ ), en die ( $a^8 \dots a^9$ ), waar hul kindskinders se kleinkinders se kinders begin het, en die leer hul taal reeds aan teen 1742, d.w.s. vóór die middel van die 18de eeuw, toe die splitsingsproses, soos ons bo aangeneem het, reeds betreklik voltooid was; en tog kan  $a^3$  nie so ver van  $a^8$  lê nie, wanneer 'n mens bedenk, dat 'n Afrikaner en 'n Hollander vandag nog, na 300 jaar van die geboorte af van die eerste geslag, wat na S.A. gekom het, en 300 jaar van aparte taalontwikkeling, mekaar sonder veel moeite betreklik goed begriip. Is die ontwikkeling dan so snel? en is die tempo abnormaal? Helemaal nie.

'n Spontane ontwikkeling vir Afrikaans is dus helemaal nie uit te sluit nie, en is selfs heel waarskynlik.

Ek sou dan die volgende metode aan die hand wil gee vir die ondersoek na die ontstaan van Afrikaans. Om tot wetenskapelike resultate te kom is nodig:—

(1) 'n taalwetenskapelike studie van die 17e eeuwse dialektes gekleurde volks- en seemans-taal van Holland, waar daar in die begin van die 17e eeuw nog g'n algemene beskaafde skryftaal was nie, wat eers met die Statebijelvertaling gekom het, na die taal waarvan sig 'n beskaafde algemene spreektaal gaan vorm het (sie Dr. J. te Winkel, loc. cit. pp. 27-28, en Verdam, loc. cit. pp. 214-229);

(2) 'n meer bepaalde taalstudie van die volkstaal van die provinsies Noord- en Suid-Holland en Seeland, maar ook van Noord-Duitsland, van welke streke die meeste koloniste na S.A. gekom het (vgl. Dr. E. C. Godée-Molsbergen in "De Unie" van Nov. 1905, en H. T. Colenbrander, "De Afkomst der Boeren." Uitg. Alg. Ndl. Verbond, 1902);

(3) 'n taalstudie van die wisselwerkinge gedurende die 17e eeuw tussen die Nederlandse dialekte, die Nederlandse seemans-taal, die opkomende algemene beskaafde Nederlandse skryf- en spreektaal, en die oosterse en andere tale, waarmee die Hollanders deur die 17e eeuwse Nederlandse wereldverkeer in aanraking gekom het;

(4) 'n historiese studie van alle Kaapse stukke tot aan die end van die 18e eeuw, veral van stukke van ethnologies en taal-histories belang;

(5) 'n wetenskaplike studie van alle psycho-fisiese faktore, wat kan ingewerk het op die ontwikkeling van Afrikaans in S.A., soos klimaat, isolement, en dus ook vreemde tale, want 'n spontane ontwikkeling sluit beïnvloeding van vreemde tale nie uit nie;

(6) 'n taalstudie van die wisselwerkinge in S.A. tussen die dialektiese volkstaal van die Hollandse koloniste, die offisiële Nederlandse skryftaal in S.A., en die geadapteerde tale van die vreemdelinge, soos Frans-Afrikaans, Duits-Afrikaans, Hottentot-Afrikaans, Maleis-Afrikaans en later Engels-Afrikaans. (Vgl. Dr. Bosman, loc. cit. p. 126).

Die grootste moeilikheid sal dan m.i. wees om uit te maak, hoe uit so'n mengeling van Nederlandse dialektiese verskille, afgesien van die andere tale en vervormingsfaktore, 'n betrekke-lyke eenheidstaal kon ontstaan. Misskien is dit toe te skrywe aan 'n natuurlike en spontane afslijting van verskille deur die gemeenskaplike isolement van die "Urheimat" en andere invloede van die oorspronklike stamland af, want Paul se betoog is: "(Dagegen) wird man sagen können, dass die relative Abgeschlossenheit kleinerer Verkehrsgruppen ein förderndes Moment für das Durchdringen von Lautveränderungen ist, eben weil die ausgleichende Wirkung des weiteren Verkehrs fehlt, die wenigstens in der Mehrzahl der Fälle hemmend wirkt." ("Prinz. d. Spr.," p. 60).

Wanneer ons dus met Paul aanneem: "Dialektspaltung bedeutet nichts anderes als das Hinauswachsen der individuellen Verschiedenheiten über ein gewisses Mass" (t.a.p.), dan kan ons ook ten opsigte van die ontstaan van Afrikaans met Paul sê: "Die Frage, die wir zu beantworten haben ist vielmehr die: wie kommt es, dass, indem die Sprache eines jedes einzelnen ihre besondere Geschichte hat, sich gerade dieser grössere oder geringere Grad von Übereinstimmung innerhalb dieser so und so zusammengesetzten Gruppe von Individuen erhält?" (t.a.p.), en met hom konkludeer: "Man wird daher in der Regel die selbständigen Sprachen, die sich aus einer gemeinsamen Ursprache entwickelt haben, als Fortsetzungen der Dialekte der Ursprache zu betrachten haben; und kann annehmen, dass ein Teil der zwischen ihnen bestehenden Unterschiede schon aus der Periode ihres kontinuierlichen Zusammenhanges her stammt." (loc. cit., p. 46).

Ek het in die voorgaande 'n poging gemaak om die gebreke aan te toon, nie in die verskillende ondersoekinge self nie; maar in die metode van ondersoek na die ontstaan van die Afrikaanse Taal, deur aan te toon, dat daar meer streng taal-histories moet te werk gegaan word, en dat g'n teorie, wat nie rekening hou nie met spontane ontwikkelingsfaktore, 'n oplossing en verklaring kan gee van die oorsprong van Afrikaans, al is die spontane ontwikkelingsfaktore miskien nie voldoende nie om die totale splitsingsproses te verklaar. Ek het vervolgens probeer om 'n paar wenke aan die hand te gee vir 'n meer streng taalhistoriese metode; maar daarop gewijs, dat daar selfs dan nog gewigtige besware en moeilikhede in die weg staan, vóórdat die kwessie van die ontstaan van die Afrikaanse Taal wetenskaplik kan uitgemaak word. As ek daardeur aan iemand onder die gehoor, en yeral aan die studente, 'n prikkel gegee het tot taalvorsing en taalstudie, veral op die gebied van onse moedertaal, Afrikaans, dan is mij doel bereik.

EK HET GESÊ.

